# REVOLUSIE HET VERNUWE ÉN VERBARBAARS

Eben Meiring
(Beeld: 14 Julie 1989)

Die Revolusie verjaar. Die Revolusie, die Oupagrootjie van revolusies, die Franse Revolusie.

Geen ander omwenteling het die wêreldgeskiedenis so verwring soos die skok van 1789 nie.

Die Revolusie het 'n einde gemaak aan 'n orde, 'n wêreld, ver verby politieke grense.

Wat meer is, dié Revolusie is "alive and well" en breed en diep tuis in die laat twintigste eeu. Baie van wat in vandag se wêreld vanselfsprekende besit geword het, is eintlik revolusionêre verworwenhede.

Die Revolusie was uit die staanspoor op Suid-Afrikaanse bodem werksaam – in die heel eerste Boererepubliek in die geskiedenis, dié van Swellendam in 1795. (En in die "edele barbaar"-natuurfilosofie van 'n Rousseau. En in die vrywording van slawe, een van die oorsake van die Groot Trek.)

En vandag staan dié nimlike Revolusie, met sy verre hupstootjie, weer pa vir ons luide "alternatiewe" ditte en datte om ons, van joernalistiek tot musiek.

Tussenin is 'n formidabele, bont, teëstrydige erfenis, van republiek tot romantiek, van menseregte tot terreur. Die Revolusie het die mens probeer vrymaak – en hom toe help verslaaf. Die Revolusie het ou onregte uitgeroei – en nuwe tiranieë losgelaat. Die Revolusie was 'n potpourri van die



*Die tennisbaan-eed – soos gesien deur die Revolusie se toonaangewende skilder.*

sublieme, die groteske, die infame.

Vergeet maar dat die Revolusie op 14 Julie "uitgebreek" het. Dié is maar net 'n emosionele, simboliese datum. Die Revolusie was lankal aan't broei en gis in die denke en geskrifte en proteste van die agtiende eeu. Die bankrotskap van die ou orde was lankal op hande.

Dit het die Kaap indertyd al aan sy historiese bas gevoel: Montesquieu se skeiding van magte, wat die Kaapse Patriotte se republikanisme sou inspireer, is in 1748 in *L'Esprit des Lois* verwoord. En in Januarie 1771 het 'n hartstogtelike dissipel van Jean-Jacques Rousseau, Bernadin de Saint-Pierre, aan die Kaap kom kuier en ekstaties geskryf oor die kolonie se deugdelike burgers en gesonde fauna en flora.

Die Revolusie se groot andersheid was sy krisis van denke en instellings, sy uitvee van grense, sy sloping van taboes, sy ingryping op byna elke uiting van menswees.

Die Revolusie het menswees verruim – maar óók verarm.

Die Revolusie het die mensdom verruim met sy afskaf van slawerny, sy handves van menseregte, sy bewusmaking van menswaardigheid. Want sy manifes van 26 Augustus 1789 was nie net vir Franse oë bedoel nie: dit was 'n universele dokument.

Nes sy inspirering van nasionale bewussyn en selfbeskikking en nes die nasionale staat wêreldbesit sou word en die nasie tot kruinpunt van die mens se aspirasies en lojaliteite sou verhef.

Die Revolusie het verbreed met sy sosiaal-kulturele "magsdeling". Met sy oopgooi van die "lewe" vir die massamens. Met sy "demokratisering" van die verbruikersgemeenskap. Met 'n storm en drang en onstuimigheid wat die wêreld nooit geken het nie.

Die Revolusie het verarm met sy ontketening van buitensporighede, sy romantisering van mites en slagspreuke, sy verrinnewering van 'n beproefde klassieke denksisteem in die naam van 'n nuwe credo van idealisme, onrus en heroïek.

Daardie *liberté, fraternité, égalité* het 'n revolusionêre psigose van volkswil, nasionalismes, staatsgrepe en terreur losgelaat wat die wêreld al twee eeue beet het.

In die naam van volkswil, van "people" versus Establishment, kan jy byna enigiets bedryf, van Robespierre se terroristiese "Republiek van Deug" tot Orwell se *Nineteen-Eighty-Four*, van kultuur-ghetto's tot ideologiese halssnoere.

Die revolusionêre vandalisme van 1789 en Jakobynse platslaan-sindroom en straat-oproer-strategie het 'n lang destabiliserende tradisie geword. 'n "Sesame, gaan oop" wat moes ontsluit, verlos, dekoloniseer, het te dikwels net die tirannie van die *ancien régime* verruil vir nuwe ekstremismes, nuwe totalitarismes.

Ou onregverdighede, wanpraktyke en fanatismes kruip agter ander name, ander woorde weg.

In dié jaar van die "Bicentenaire" leef die skrywer van *Satanic Verses* met 'n doodvonnis oor sy kop; moet apartheidsbordjies blankes se identiteit nog help red; word terroriste tot vryheidsvegters gesalf en Marxisme tot verlossende teologie verhef; staan die mens uitgelewer aan vermomde onverdraagsaamheid van links en regs.

Madame Roland se woorde op pad guillotine toe spook vandag nog by ons: "O vryheid, hoeveel misdade word nie in jou naam gepleeg nie!"

In 'n breër sin het die gelykmakende "burger" en "burgeres" van die Franse Revolusie die "kameraad" van die Oktoberrevolusie geword. Die Revolusie het selfs pa gestaan vir ons woordeskat van *revolusionêr* en *terroris* en *terreur*.

Maar die Revolusie het ook 'n reaksionêre neweproduk afgegee. Politici het met een oog op die Revolusie regeer. Vrees vir omwenteling het 'n sterk konserwatisme, selfs verkramptheid, laat posvat.

In sekere sin kan die Revolusie dan pa staan vir linkse anargisme én regse sensuurstate.

Wyer gesien het die Revolusie 'n einde gemaak aan die eksklusiwiteit van salonkulture en klassieke kuns en sy ou eng repertoire van moets en moenies. En vroedvrou gespeel vir die koms van die koerantmedium, die pers. Die "volk" kon nou meer as ooit saamlees en -praat en literatuur en kuns help "demokratiseer".

Intussen het die Revolusie die grootste kunsbewering van die negentiende eeu, die begin van moderniteit, ofte wel die romantiek, help ontketen en so herout gespeel vir die ander literêre en artistieke -ismes wat die twintigste eeu sou omkeer.

Baie van wat 'n mens vandag op die planke of op televisie sien, het 'n mens bes moontlik te danke aan 'n "kunsgeveg" 160 jaar terug – die *"Slag van Hernani"*, rondom Victor Hugo se pionierstuk, wat die romantiek in Augustus 1830 op die verhoog van die Comédie-Francaise laat triomfeer het.

*Hernani* was 'n kunsskok, 'n omwenteling in eie reg, 'n verlengstuk van 1789 se kreet van vryheid, gelykheid en broederskap. Dit het die letterkunde "bevra" en lektuur allemansgoed gemaak.

Die romantiek het gewerk met die gewone mens en sy emosies, met droom en misterie, met instink, met die "ek". Die romantiek het weggedoen met letterkundige grense: komedie en tragedie, klug en melodrama, die verhewe en die aardse, dié het alles deurmekaar geloop.

Was die Franse studenterevolusie van Mei 1968 – wat ook ligtelik na Suid-Afrika oorgewaai het – nie maar in wese 'n romantiese stuwing nie ("onder die plaveistene die see")?

Die romantiese held het die literatuur gekaap. En romantiese helde is nog stryk deur doenig: in die negentiende eeu was dit Napoleon in sy verlenging in die bladsye van Hugo, Byron, Goethe en Dostojewski en selfs die ironiese *Eroica* van Beethoven.

Vandag is dit James Bond en PI's en mediasterre – en protesfigure. Want protes is óók 'n romantiese erfenis. Die oneerbiedige alternatiewe klanke van *Voëlvry et al* is metafories, ook maar kleingoed van die Revolusie.

Dit was juis die Revolusie wat op straat gegaan het met liedjies en sang vol brandende aktualiteit en heilige koeie oneerbiedig en aggressief beetgekry het.

Die Revolusie het vir eers skeef geloop omdat dit te diep geïnspireer is deur die naïewe, koelbloedige idealisme van 'n Jean-Jacques Rousseau, en te vlak deur die hervormende verligtheid van 'n Voltaire.

Rousseau se *Contrat Social* (via sy bewonderaar Robespierre, die "Onkreukbare") wou 'n Grieks-Romeinse visie oorplant op 'n laat agttiende-eeuse werklikheid. . .

Intussen is Rousseauïstiese Groenes besig om hul ekologiese ding te doen. Die Revolusie het vernuwe, ja, maar ook verbarbaars.

- Met dank aan *Beeld*.